Geagte lid

Welkom by **ER24!**

**ER24** is Bestmed se gekontrakteerde nooddiensverskaffer. Om die Bestmed/ER24-plakker optimaal te benut, moet jy asseblief die volgende basiese stappe volg:

- Verwyder die plakkers van enige ander mediese skema of nooddiensverskaffer van die voertuig/voertuie se vensters. Die Bestmed/ER24-plakker moet die enigste plakker op die venster wees om verwarring – en moontlike onkostes – in 'n noodgeval te voorkom.
- Plaas die plakker aan die regterkant (die bestuurderskant) van jou voertuig – in die agterste ruit, of in die klein venstertjie na die  die agterste passasiersvenster.
- Moenie die plakker in  'n venster plak wat oop en toe kan draai nie.
- Indien jou plakker beskadig of dof word, kontak asseblief Bestmed by 086 000 2378 of service@bestmed.co.za om 'n nuwe plakker te versoek.

**WAT OM IN 'N NOODGEVAL TE DOEN**

Skakel altyd **084 124**.

Indien iemand namens jou die oproep moet maak, vra hulle om asseblief **084 124** te skakel.

Sê vir die **ER24**-operateur dat jy 'n Bestmed-lid is. Hulle sal jou of die persoon wat namens jou skakel, bystaan om al die besonderhede wat hulle benodig, te verkry.

Indien jy onseker is of jou toestand as 'n noodgeval beskou kan word, of wyfel oor wat om te doen wanneer 'n gesinslid siek/beseer is, vra gerus om met een van **ER24** se vriendelike verpleegsters te praat vir bystand.

**Nuttige wenke**

- Leer jou gesinslede om in 'n noodgeval **084 124** te skakel.
- Stoor **084 124** op jou selfoon onder "Nooddienste".
- Indien jy in 'n ongeluk betrokke is, maak 'n nota van die straatname en -nommers. Dit sal die nooddienste help om jou vinniger op te spoor en te behandel.
- Raadpleeg asseblief jou voordelegids vir volledige besonderhede rakende jou dekking vir mediese noodvervoerdienste buite jou land van verblyf.

**realhelpreal*fast***